

DIE MARSHMALLOW TOETS EN JOU GELUK

My vorige preek so maand gelede was getiteld ‘*Don’t Worry – Be Happy*’ en hoewel ek die ‘*Don’t Worry*’-deel mooi onder beheer gehad het, het ek kort daarna agtergekom dat ek die tweede deel heeltemal mis toe Liesl my eendag aangetree het en liefdevol genoem het dat dit bietjie onaangenaam is om oorkant my te leef, aangesien my lewensvreugde verlore is.

IN MY SOEKE NA VREUGDE HET EK BESEF:

Baie van ons weet nie meer wat ons gelukkig maak nie, want ons hou aan om goed te probeer doen wat ons gelukkig maak en tog is ons steeds nie gelukkig nie – ons kry dit net nie reg nie!

En

Meeste van ons lewe baie keer so lank in ‘n staat van ongelukkigheid dat ons eenvoudig vergeet het hoe om gelukkig te wees.

DIT TERWYL JESUS GESÊ HET:

‘EXTRAORDINARY’
Mense kyk na jou en vra:
Hoe doen jy wat jy doen?
Hoe kry jy dit reg om te wees soos jy is.

Joh. 10:10

I came that they may have and enjoy life, and have it in abundance (to the full, till it overflows).

Wat verder interessant is van ons gebrek aan geluk is dat ons juis lewe in ‘n tyd waar elke keer as ons ‘n tydskrif oopmaak, die TV aansit of op die internet gaan daar ‘n dosyn of meer gespesialiseerde bemarkers is wat advertensies aan ons opdis wat voorgee om geluk aan ons te probeer verkoop.

En kom ons wees eerlik, ons almal het al 1 of 2 of ‘n 100 maal daarvoor geval:

“As ek maar net gehad het / As ek maar net gery het / As ek maar net kon gaan vakansie hou / As ek maar net”

En in die proses het ons verskriklik baie tyd en geld gemors om te probeer gelukkig wees en uiteindelik is ons steeds nie gelukkig nie.

U sien, as ons vanoggend praat oor die beginsels van WERKLIKE GELUK, gaan julle agterkom dat dit baie moeilik is om dit wat WERKLIKE GELUK bring te bemark.

Jy kan dalk nog ‘quick-fix’ geluk bemark, maar ons gaan vanoggend sien dat **dit** nie eintlik WERKLIKE GELUK is nie, maar *PLESIER*.

Nie dat daar enige iets fout is met plesier nie, intendeel: God het ons geskape met 'n kapasiteit vir beide geluk en plesier.

Ek bedoel dink daaraan – God het seksuele plesier geskep, Hy het dit opgemaak. Reg aan die einde van die skeppingsverhaal het God gesê: *“Ek het 'n great idee! – Ek gaan vir die mens iets gee wat sy lewe regtig interessant gaan maak – en dit kan hom in BAIE moeilikheid laat beland, maar ek gaan dit in elk geval vir hulle gee”*

Dink net: Jesus het wyn gemaak – dit was Sy eerste wonderwerk. Toe Hulle moes besluit wat sal die eerste wonderwerk wees: Wat sal ons doen? Sal ons iemand gesond maak / iemand uit die dood opwek? Nee - Kom ons maak wyn!

God het ons kapasiteit vir plesier geskep, net soos wat Hy ons kapasiteit vir geluk geskep het. God is nie teen plesier nie en die probleem is nie dat dit óf die een óf die ander is nie, die probleem is PRIORITEIT.

U sien as ons plesier bo geluk prioritiseer, raak dit 'n probleem, want as jy plesier bo geluk prioritiseer kry jy uiteindelik nie een van die twee nie. Die een lei tot die ander, maar die een kan ook die ander ondermyn.

Geluk sal ALTYD lei tot plesier, intendeel ek glo dat geluk lei tot maksimum plesier in hierdie lewe, maar as jy plesier najaag en die beginsels wat tot ware geluk lei (en wat ons netnou gaan bespreek) ignoreer, gaan jy op die ou end nie een van die twee hê nie.

EN DIT BRING ONS VANOGGEND BY ONS EERSTE PUNT:

En ek weet julle gaan nie aanvanklik van die stelling hou nie, maar gee my net kans om te verduidelik.

1. JY IS DIE GROOTSTE VYAND VAN JOU EIE GELUK

Die grootste bedreiging vir jou geluk, is die persoon in die spieël.

Dit breek my hart om te sien hoe mense hulle eie geluk ondermyn en as prokureur het ek ongelukkig baie maal *front row seats* vir hierdie tipe gebeure.

En 90% van die kere is die rede hoekom ons so geneig is om ons eie geluk te ondermyn, juis omdat ons die konsep van *GELUK* vs *PLESIER* met mekaar verwar.

Ek het netnou gesê as jy plesier najaag en die beginsels wat tot ware geluk lei ignoreer, gaan jy op die ou end nie een van die twee hê nie. U sien plesier (en julle weet dit – julle is groot

mense) het die geneigdheid om uiteindelik sy plesier te verloor en dan het plesier die geneigdheid om 'n tronk te raak.

Plesier is onderhewig aan *the law of diminishing returns*. Jy het altyd 'n halwe glas gedrink, toe 'n glas, toe 2 glase, toe 3 – 4 en nou skree jy op mense en kan nie onthou wat die vorige aand gebeur het nie. WAT HET GEBEUR?

Oor tyd sal elke liewe plesier, as dit die prioriteit raak, sy plesier verloor!

Wat begin as 'n ontspannende tydverdryf raak 'n gewoonte, 'n vesting, 'n verslawing en baie keer 'n tronk wat jou vasvang.

En nou praat ek nie van goed wat onwettig of immoreel is nie.

Paulus het so daarvoor geskryf:

Rom 6:16-17

Dis sy manier van sê: **“Regtig!**
Het ek regtig nodig om dit enigsins te sê? Weet almal dit nie reeds nie?”
En wat hy gaan sê is iets wat ons almal reeds weet. Hy gaan iets wat eintlik *common sense* is net sê op 'n manier hoe ons dit nog nie gehoor het nie, in die hoop dat dit vasstrap plek in sy lesers se geagtes sal kry en dat hulle iets daarmee sal doen.

¹⁶ **Do you not know that if you continually surrender yourselves to anyone or anything to do his will, you are the slaves of him whom you obey,**

As jy dit aanvanklik lees is jou eerste gedagte: *“Ek weet nie regtig waarvan hy praat nie.”*

Ek bedoel – wat beteken dit nou eintlik?

Kom ons lees dit weer – en dink net daarvoor, maar moet nou nie teologie dink nie, moenie Bybel dink nie, dink net *common sense*.

Ek sal een daarvan neem dankie. JA, JA, JA, JA, JA

¹⁶ **Do you not know that if you continually surrender yourselves to anyone or anything to do his will, you are the slaves of him whom you obey,**

Met ander woorde wat hy sê:

As jy aanhou om JA en JA en JA, oor en oor vir dieselfde plesier te sê raak jy 'n slaaf van daardie plesier.

Waarop jy onmiddellik wil sê: *EK IS NIE 'N SLAAF NIE, EK KIES !*

Maar dis sy hele punt:

As jy dieselfde ding oor en oor en oor kies, kies jy nie meer nie – jy word ingetrek. Jy gee beheer oor. Jy tree op soos 'n slaaf. Jy tree op asof jy MOET, nie asof maar net wil nie.

Sonde lei altyd tot dood. Sonde maak altyd iets dood.
Dit maak die manier dood waarop jy na jouself kyk, dit maak jou verhouding met jou kinders dood, jou verhouding met jou vrou, jou werk - Sonde maak altyd iets dood – waar daar ook al sonde is, is iets besig om dood te gaan.

... whether that be to sin, which leads to death,

Maar hy gee vir ons 'n alternatief en nou steun hy op wat Jesus gesê het.

or to obedience which leads to righteousness (right doing and right standing with God)?

Righteousness: beteken maar net om in die regte verhouding met God te staan

Ons gaan netnou sien dat Jesus vir ons "n baie spesifieke patron geleer het wat tot ware geluk lei.

17 But thanks be to God that, though you used to be slaves to sin, you have come to obey from your heart the pattern of teaching that has now claimed your allegiance.

18 You have been set free from sin and have become slaves to righteousness.

So Paulus sê:

"Kyk, besef jy nie dat elke liewe dag van jou lewe offer jy jouself as dienskneg/slaaf aan iets of iemand deur jou gehoorsaamheid daaraan te gee – wanneer jy oor en oor en oor 'JA,' sê vir dieselfde plesier (en nie alle plesier is sonde nie) – gee jy jou vryheid weg en jy tree op soos 'n dienskneg of 'n slaaf van dit waarvoor jy 'JA,' sê.

En jy kan dit doen met plesier (en nie alle plesier is sonde nie) of jy kan oorleun en jouself oorgee aan jou Hemelse Vader.

En julle sal netnou sien hoekom dit van kardinale belang vir ons geluk is om onself oor te gee aan ons Hemelse Vader.

'n Groot deel van ons probleem is as ons ONGELUKKIG VOEL wil ons onmiddellik iets doen wat ons laat beter voel en dis waar ons in die moeilikheid beland.

"Ek VOEL ongelukkig so ek gaan nou shop Ek VOEL ongelukkig so ek gaan noueet, Ek VOEL ongelukkig so ek gaan nou daar stop

Ek voel ongelukkig so ek het iets nodig om my beter te laat voel.

Ek is ongelukkig so ek het 'n quick fix nodig ...

En dis wanneer ons besluite maak wat uiteindelik ons eie geluk ondermyn.

Marshmallow Toets – studie in 1960s / begin 1970s deur sielkundige Walter Mischel.

Verduidelik: 1 marshmallow nou of 2 oor 15 min. Toetsers verlaat die kamer.

In opvolgstudies het die navorsers gevind dat die kinders wat bereid was om te wag op hulle beloning beter lewens-uitkomst as volwassenes gehad het op verskillende lewensterreine, maar onder andere in akademiese prestasie en liggaamsgewig ☺.

Ons gaan net nou sien dat Jesus se boodskap aan almal wat ongelukkig voel was baie duidelik:

DAAR IS GEEN QUICK FIX VIR GELUK NIE !

En solank as wat jy JA sê vir plesier oor en oor en oor om op een of ander manier 'n quick fix vir jou tekort aan geluk te kry en beter te VOEL - ondermyn jy uiteindelik juis jou eie geluk, want jy raak 'n slaaf van dit vir wie jy jou gehoorsaamheid gee.

JULLE WEET DIT REEDS NIE WAAR NIE ?!

Want ONS ALMAL hier – ek ingesluit – weet waarna ons gryp om vir ons daardie quick fix te gee wanneer ons nie gelukkig voel nie.

En elke keer as ons daardie geneigdheid gehoorsaam sê Paulus ons tree op soos slawe van iets wat uiteindelik ons eie geluk ondermyn.

2. WARE GELUK GAAN BAIE MEER OOR 'N WIE AS 'N WAT.

Net voor ons by die beginsels van geluk uitkom....

As ons kyk na die vraag: WAT MAAK JOU GELUKKIG?

GAAN ONS SIEN DAT GELUK GAAN BAIE MEER OOR 'n WIE AS 'n WAT.

Dis hoekom:

Ouers gewoonlik nie meer gelukkig kan wees as hulle gelukkigste kind nie.

In die huwelik sukkel jy om gelukkig te wees as jou vrou of man ongelukkig is. *Hoekom?*

Dis hoekom – as mense aan die einde van hulle lewe kom en spyt is oor iets – gaan dit 90% van die tyd oor verhoudings en nie goed / geld nie.

Want ons geluk is baie meer gekoppel aan 'n WIE as 'n WAT.

En soos ons netnou gesê het is die probleem aan die ander kant met 'n WAT - gewoonlik die vraag: **WAT's volgende?**

Dit begin met 1 koppie koffie vir die kafeïen, maar later doen een koppie dit nie meer nie en dan raak dit 2 en 3 en selfs 10 en 20 op 'n dag.

2 Jaar terug was jy net so opgewonde oor jou selfoon (*wat nou glad nie meer goed genoeg is nie*), as wat jy nou is oor jou nuwe selfoon – dieselfde met jou motor, dieselfde met jou werk, dieselfde met jou *toemaar kom ons los dit ☺*

As jou geluk minder word, soos wat 'n WAT verouder – was jy nooit eintlik gelukkig om mee te begin nie – jy was eerder 'n slagoffer van goeie bemerking jy was 'ge-advertensie'.

Ons het netnou gesê dis van kardinale belang vir ons geluk om onself oor te gee aan God – Hoekom?

Want wanneer ons onself oorgee aan God, veroorsaak dit dat ons vrede het met ons Hemelse Vader, wat daartoe lei dat ons vrede het met onself, wat ons toerus om vrede te maak met ander.

En dis sentraal tot geluk – want ware geluk gaan oor WIE en nie 'n WAT nie.

Dis hoekom die werklike gelukkige mense wat ek dopgehou het - het vrede met hulleself – *hulle is gemaklik in hulle eie velle.*

Hulle het dit *uitgefigure* hoe om vrede te maak met ander (selfs die wat nie met hulle wil vrede vrede maak nie) *en selfs al is hulle te nagekom of selfs al is verkeerd teen hulle opgetree. Hulle vergewe en beweeg aan.*

En meeste gelukkige mense wat ek ken het vrede gevind met God. *Hulle glo daar is meer aan hierdie lewe as hierdie lewe en stel hulle in staat om deur sekere omstandighede (wat gewoonlik iemand anders se vrede sal steel) te stap met 'n vertroue.*

Ek het netnou gesê dat jy die grootste vyand van jou eie geluk is – verstaan julle nou dat elke besluit wat ons neem wat ons vrede steel, steel uiteindelik jou geluk en ons almal neem die een of ander tyd besluite:

- Wat ons vrede steel.
- Wat ons vrede met ander opvoeter; en/of
- Wat ons vrede met God wegneem.

So as jy op die punt is om 'n besluit te neem en daar is iets wat vir jou sê:

“Ek weet darem nie!”

Is jy op die punt om potensieel jou eie geluk te ondermyn

GELUKKIGE MENSE HET VREDE MET GOD – WAT LEI TOT – VREDE MET HULLESELF – WAT HULLE TOERUS OM VREDE TE MAAK MET ANDER.

En dis waaroor die meeste van die nuwe testament gaan.

'n Prokureur het eendag vir Jesus gevra: Wat is die belangrikste van al die wette? En ons onmiddellike reaksie is dat dit iets te doen moes hê met 'n MOET of 'n MOENIE, maar wat het Jesus gesê?

Mat. 22

³⁵ **And one of their number, a lawyer, asked Him a question to test Him.**

³⁶ **Teacher, which kind of commandment is great and important (the principal kind) in the Law? [Some commandments are light—which are heavy?]**

³⁷ **And He replied to him, You shall love the Lord your God with all your heart and with all your soul and with all your mind (intellect).**

Dit klink nie regtig soos 'n WET nie – klink eerder gevaarlik baie soos 'n verhoudings-ding.

Maar wat sê Jesus:

Aangesien God jou lief het, is die belangrikste ding wat jy kan doen om God terug lief te hê. Aangesien God met jou probeer vrede maak is die belangrikste ding wat jy kan doen om met Hom vrede te maak.

Maar Jesus stop nie daar nie:

Luister hoe bring Hy die ander 2 komponente in:

³⁸ **This is the great (most important, principal) and first commandment.**

³⁹ **And a second is like it: You shall love your neighbor as [you do] yourself.**

Die tweede ding – wat gelyk is aan die eerste – Jy kan nie die een sonder die ander doen nie – dis 'n pakket

So wat Jesus essensieel vir die prokureur sê:

“Die belangrikste ding vir my is vrede met God, met ander en met jouself!”

Toe ek jonger was, het ek gedink Jesus/God staan in die pad van my geluk.

Maar Jesus gee juis vir ons die padkaart na geluk deur vir ons die padkaart te gee na vrede met God, onself en ander en as ons hierdie beginsels ignoreer of weerstaan, ignoreer en weerstaan ons ons eie geluk, want gelukkige mense het vrede met God, vrede met hulleself en vrede met ander.

WAT ONS BRING BY DIE BEGINSELS WAT LEI TOT WARE GELUK:

3. HOE KRY ONS DAN WARE GELUK?

So – die Here het ons geskape met hierdie ongelooflike kapasiteit om gelukkig te wees, maar Hy wil hê dat ons dit deur Hom moet vervul.

Jesus het gekies om in seker sy bekendste preek, oor niks anders as GELUK te praat nie en in hierdie preek vertel Jesus vir ons wat ons gelukkig gaan maak.

So as jy al ooit gewonder het oor wat Jesus se antwoord sou wees as jy hom sou vra: “*Jesus, wat gaan my gelukkig maak?*” Hier is Sy antwoord.

Hier gee Hy vir ons ’n beskrywing van wat gelukkige mense doen.

Luister vir die gemene deler tussen al 8 – aan die einde gaan ons vra wat het al 8 hierdie goed in gemeen, want die gemene deler is ’n belangrike sleutel in ons toekomstige geluk.

Aan die einde gaan ons hierna kyk en jy gaan dit of omarm en deel maak van die res van jou lewe of jy gaan jou vir die res van jou lewe hierteen vasloop.

MAT 5:

Griekse Woord: Mucorius
Fortunate / Happy

³ ***Blessed (happy, to be envied, and spiritually prosperous — with life-joy and satisfaction in God’s favor and salvation, regardless of their outward conditions) are the POOR IN SPIRIT (the humble, who rate themselves insignificant), for theirs is the kingdom of heaven!***

Met hierdie heel eerste stelling kanselleer Jesus onmiddellik 2 gedagtes:

- Dat ryk mense noodwendig gelukkige mense is; of
- Dat arm mense noodwendig gelukkige mense is.

Want: Sê HY – gelukkige mense is hulle wat POOR IN SPIRIT is.

Wat beteken dit ?

Mense wat *Poor in Spirit* is, is die wat besef en erken hoe afhanklike hulle van die Here is elke oomblik van elke dag, maak nie saak hoeveel of hoe min hulle het nie.

Mense wat *Poor is in Spirit* - is hulle wat min het, of baie het, of iets tussen in het, maar steeds elke dag opstaan en sê: *“Here, ek is vandag net so afhanklik van U soos toe ek was toe ek absoluut niks gehad het nie!”*

Jy sien Jesus het geweet dat die oomblik wat jy jou vertrou stel in rykdom in stede van Hom wat ryklik voorsien, begin jy ongelukkig raak – en met rykdom bedoel ek besittings, geleenthede, jou opleiding en geleerdheid, waar jy woon, wat jy ry – al die goed waarop ons so geneig is om ons selfbeeld en waarde aan te koppel – die oomblik as ons ons fokus skuif na hierdie goed in plaas van Hom wat ryklik voorsien begin ons ongelukkig raak.

Hoekom ?

Want skielik is dit jou taak om die goed te beheer – en jy het nie beheer nie, nooit nie – jy neem ‘n verantwoordelikheid op wat te groot is vir jou om te dra.

Daarom nooi die Here ons om in Hom te vertrou wat ryklik voorsien in plaas daarvan om ons vertrou te plaas op goed of op ons eie vermoëns.

DIS NET DIE EERSTE EEN !!

4 Blessed and enviably happy [with a happiness produced by the experience of God’s favor and especially conditioned by the revelation of His matchless grace] are THOSE WHO MOURN, for they shall be comforted!

THOSE WHO MOURN is mense wat emosioneel ge-*connect* is. Hulle erken en hardloop nie weg van die feit dat daar slegte goed en onregverdige goed in hierdie wêreld gebeur nie en hulle is bereid om in daardie oomblikke van hartseer in te stap en dit in die oë te staar en daar te bly en te aanvaar dat hartseer is werklik en deel van hierdie lewe.

In ons kultuur raak dit al minder, maar hier is wat Jesus sê:

“Vrees vir hartseer steel van jou – die vreugde van lewe !!”

Hartseer is deel van hierdie lewe en dit help nie ons spandeer soveel energie om dit te probeer vermy nie.

Jesus sê: Gelukkig is hy/sy wat wanneer hartseer tref bereid is om dit in die gesig te staar, dit te voel, te volhard en deel daarvan te wees, want hulle sal vervulling vind – baie meer as die wat voorgee dat dit nooit gaan gebeur nie.

5 Blessed (happy, blithesome, joyous, spiritually prosperous — with life-joy and satisfaction in God’s favor and salvation, regardless of their outward conditions) are THE MEEK (the mild, patient, long-suffering), for they shall inherit the earth!

Ons reaksie op die woord is omtrent net negatief. Niemand van ons het toe ons klein was gesê as ons groot word wil ons eendag MEEK wees nie. Niemand van ons sê vir ons dogters ons hoop hulle trou eendag met 'n MEEK man nie.

WANT ons dink aan MEEKNESS as WEAKNESS.

Maar Jesus het MEEKNESS verstaan as 'n kragtige eienskap.

MEEKNESS is 'n akkurate siening en waardering van jouself gesien in die breër konteks van God se skepping en liefde.

Met ander woorde dit is mense wat die realiteit verstaan van wie hulle is en besef dat hulle deel is van God se skepping, maar nie noodwendig die middelpunt is van God se skepping nie.

MEEK mense verstaan dat dit gaan nie net oor my nie. Hulle probeer nie voortdurend die middelpunt van die aandag wees nie, maar is bereid om te aanvaar wie en wat God hulle gemaak het en waar Hy hulle geplaas het in die konteks van Sy groter skepping.

⁶ Blessed and fortunate and happy and spiritually prosperous (in that state in which the born-again child of God enjoys His favor and salvation) are those WHO HUNGER AND THIRST FOR RIGHTEOUSNESS (uprightness and right standing with God), for they shall be completely satisfied!

M.a.w. gelukkig is hulle wat bereid is om die regte ding te doen.

Gelukkig is hulle met geen skuldgevoelens, oor niks spyt is nie en 'n skoon gewete het.

Hulle wat bereid is om die regte ding te doen, selfs wanneer dit hulle kos.

Is dit nie waar nie – as jy terugkyk oor jou lewe – dat om die verkeerde goed te doen, nie geluk bring nie. Is dit nie waar dat die ding waaroor jy die spytste is nie. Dis daardie tyd toe jy geweet het wat reg en verkeerd is en besluit het om die verkeerde ding te doen en jy wens jy kon teruggaan om die regte ding te doen.

Jesus sê – as ons gelukkig wil wees, moet ons ***HUNGER AND THIRST*** om die regte ding te doen.

⁷ Blessed (happy, to be envied, and spiritually prosperous — with life-joy and satisfaction in God's favor and salvation, regardless of their outward conditions) are the MERCIFUL, for they shall obtain mercy!

Wat Jesus in effek sê: *'Gelukkig is hulle wat vrygewig is in hulle verhoudings. Gelukkig is hulle wat aan mense verhoudingsgewys gee – presies dit wat hulle nie verdien nie!'*

Gelukkig is hulle wat nie wraak soek nie, gelukkig is hulle wat vergewe, gelukkig is hulle wat nie bitter raak nie, gelukkig is hulle wat nie wag om terugbetaal te word deur iemand wat hulle in hulle verlede te nagekom het nie.

Want weet dit: Jy gaan nooit 'n gelukkige persoon ontmoet wat bitter is nie.

Maar jy gaan wel gelukkige persone ontmoet wat geweldig te nagekom is in die verlede, maar hulle het besluit om vir daardie baas, of ex man/vrou presies dit te gee wat hy/sy nie verdien het nie.

Hulle was vrygewig in hulle verhoudings en selfs al is daar nooit vir hulle om verskoning gevra nie, of al is hulle nooit terugbetaal nie of die persoon wat hulle te nagekom het het nooit aanspreeklikheid aanvaar vir wat hy/sy verkeerd gedoen het nie, is hulle gelukkig.

Dis iets wat ons baie maklik vergeet.

⁸ Blessed (happy, enviably fortunate, and spiritually prosperous—possessing the happiness produced by the experience of God’s favor and especially conditioned by the revelation of His grace, regardless of their outward conditions) are the PURE IN HEART, for they SHALL SEE GOD!

Die volgende een is vir ongelooflik, want Jesus lok ons eintlik so bietjie in met die ‘vraag’:

SAL JY DAARVAN HOU OM GOD TE SIEN? Sal jy daarvan hou om God se plan vir jou lewe te erken en te sien. Sal jy daarvan hou om te weet wat God wil hê jy moet doen in moeilike besluite - sal jy daarvan hou om duidelik te sien.

Sal jy daarvan hou om na omstandighede, geleenthede en uitnodigings te kyk en te sien wat gaan na moeilikheid lei en wat lei na 'n plek waar jy nie gaan spyt wees nie. Wil jy daardie tipe duidelikheid in jou lewe hê?

En ons almal sal hierop JA uitroep!

Waarop Jesus sê: ***Blessed are the PURE IN HEART, for they SHALL SEE GOD!***

Jesus nooi ons na reinheid, in 'n kultuur en tyd waarin daar meer oor skoon water as 'n skoon lewe gepraat word.

Die idee van morele reinheid is net so vergesog in die tyd waarin ons leef, maar die duidelikheid wat ons nodig het vir die lewe word gevind in reinheid.

Besluit om jou gedagtes skoon te maak en rein te hou, want REINHEID LEI TOT DUIDELIKHEID.

⁹ Blessed (enjoying enviable happiness, spiritually prosperous — with life-joy and satisfaction in God's favor and salvation, regardless of their outward conditions) ARE THE MAKERS AND MAINTAINERS OF PEACE, for they shall be called the sons of God!

Hoekom? Want jou Hemelse Vader wil met jou vrede maak en as jy met ander probeer vrede maak tree jy op soos jou Hemelse Vader.

Kom ek draai dit om – ken jy enige gelukkige moeilikheidmakers? Natuurlik nie, want ander mense se geluk is 'n probleem vir moeilikheidmakers en daarom teiken hulle baie keer gelukkige mense.

Jesus sê: *'Gelukkig is hulle wat in gebroke verhoudings instap en dit probeer rekonsilieer'*.

Hoe het Jesus dit geweet – want dis presies wat Hy gedoen het. Hy het ingestap in die gebroke verhouding tussen God en die mens en gedoen wat nodig was om dit te rekonsilieër.

Tot nou toe het alles min of meer sin gemaak, maar die laaste een is die een plek waar min van ons bereid is om Jesus te volg.

¹⁰ Blessed and happy and enviably fortunate and spiritually prosperous (in the state in which the born-again child of God enjoys and finds satisfaction in God's favor and salvation, regardless of his outward conditions) ARE THOSE WHO ARE PERSECUTED FOR RIGHTEOUSNESS' SAKE (FOR BEING AND DOING RIGHT), for theirs is the kingdom of heaven!

Dis hier waar ons wil sê: Hierdie woord **PERSECUTED** en geluk gaan eenvoudig nie saam nie.

Hoe kan ek gelukkig wees as ek my werk verloor of kliënt verloor omdat ek die regte ding doen?

Hier is waarby Jesus wil uitkom – In hierdie lewe gaan jy swaarkry – omdat jy die regte ding doen of omdat jy die verkeerde ding doen.

Maar jy kan net gelukkig wees aan een kant van hierdie munstuk. Jy kan nooit gelukkig wees aan die ander kant nie.

Jy kan gelukkig wees as jy swaarkry omdat jy die regte ding gedoen het, want aan die einde van die dag het jy vrede met jouself en jy het vrede met God, maar jy kan nooit gelukkig wees as jy swaarkry omdat jy die verkeerde ding gedoen het nie, want jy gaan nie vrede hê nie, nie met jouself nie, en nie met God nie.

So wat Jesus sê is absoluut briljant:

As dit daarop neerkom kies die regte ding, al beteken dit dit gaan jou kos, want jy sal steeds gelukkig wees, maar dit is onmoontlik om gelukkig te wees as jy die verkeerde goed doen en uiteindelik die gevolge dra van iets wat jy nooit moes gedoen het nie.

AFSLUITING:

SO! Dis wat Jesus sê ons moet doen om gelukkig te wees – hierdie is die aktiwiteite wat lei tot 'n gelukkige lewe.

Maar hier is die vraag – wat is die gemene deler tussen al die goed? Wat neem ons weg van dit alles?

Geluk is 'n uitkoms, dis 'n resultaat – Geluk gaan oor iets nou doen, wat lei tot iets later. Geluk gaan oor uiteindelik eerder as onmiddellik.

Geluk is nie onmiddellik toeganklik nie – wat betek jy kan nie 'n liedjie hoor, of 'n boek lees of selfs 'n preek soos die hoor en sê: *'Weet jy wat – ek was ongelukkig om 11:00 en toe gebeur iets en 12:00 toe is ek gelukkig nie.'*

Geluk is baie dieper en ryker as dit – Om gelukkig te wees moet jy 'n boer wees nie 'n programmeerder nie. Met ander woorde, jy kan nie net kodes en formules verander en dan is jy geklukkig nie, jy moet jou self na geluk saai en maai.

Jesus sê vandag vir ons: *Met Sy genade kan ons hierdie beginsels omarm en ons pad na geluk saai.*

Daar is geen voordeel in hoor nie en geen voordeel in saamstem / luister nie – om dit toe te pas is wat al die verskil maak.

MAT 7:24

²⁴ So everyone who hears these words of Mine and ACTS UPON THEM [obeying them] will be like a sensible (prudent, practical, wise) man who built his house upon the rock.

← Dit vat TYD

Ons almal weet wat die teenkant van die munstuk is en die resultaat.

Moet dit asseblief nie vergeet nie – Ware Geluk is 'n uitkoms – dis 'n resultaat – jy saai en maai jouself tot by geluk.